

Bewaringslandbou

Bewaringslandbou Projek

Brosjue No.: 2

Oktober 2001

Gratis dienste

Gesonde ekosisteme lewer 'n groot aantal noodsaaklike dienste

- Dit suiwer lug
- Dit suiwer water
- Dit neutraliseer giftige afvalstowwe
- Dit reguleer die klimaat
- Dit verlig droogtetoestande
- Dit strem vloede
- Dit bevorder grondvrugbaarheid
- Dit hersirkuleer voedingstowwe
- Dit verseker bestuiwing
- Dit verseker saad verspreiding
- Dit verseker plaagbeheer

Kan ons sonder die dienste klaarkom?

Internasionale konvensies

Suid Afrika het twee belangrike konvensies onderteken wat grondgebruik en biodiversiteit skakel:

- Die Biologiese Diversiteits Konvensie van die Verenigde Nasies (BDK)
- Die Konvensie teen Woestynvorming van die Verenigde Nasies

Gedruk op herwinde papier

'n Dienstesentrum vir boere

U plaaslike landbou koöperasie is 'n tipiese dienstesentrum. Hier kan items soos gereedskap, plaagdoders, omheiningsmateriaal, sowel as verhuuringsdienste soos skeerspanne, en advies oor watter gewasse aangeplant kan word bekom word. 'n Gesonde ekosisteem is op soortgelyke wyse noodsaaklik vir 'n suksesvolle boerdery. Dit lewer **dividente** in die vorm van oesbare produkte (vrugte, saad, hout, voer), sowel as **dienste** in die vorm van skoon water, vrugbare grond, die hersirkulering van voedingstowwe en plaagbeheer.

Wat is die waarde van 'n erdwurm?

Ons het gewoonlik nie 'n probleem om 'n waarde aan 'n produk te heg wat ons van 'n boerdery kry nie. Ons weet wat die waarde van 'n skaap, 'n koei, 'n ton koring, of 'n mandjie vrugte is. Die produkte word gereeld benut en gevolglik vorm hulle deel van ons ekonomie.

Kan ons egter 'n waarde aan 'n erdwurm, 'n heuningby, 'n ton bogrond, of 'n trog skoon drinkwater heg? Omdat die waarde van baie ekosisteme dienste moeilik is om te bepaal is ons geneig om hulle waarde te onderskat. Ons aanvaar die dienste soms as vanselfsprekend en vervangbaar. Dit is alleenlik wanneer die dienste nie meer beskikbaar is nie dat ons hulle waarde besef.

Wetenskaplikes en ekonome poog dikwels om die waarde wat ekosisteme bied te bepaal. Dit word gewoonlik gedoen deur vas te stel hoeveel betaal sou moes word indien die dienste van buite so 'n sisteem bekom moes word. **Die FAO byvoorbeeld beraam dat bestuiwing, 'n diens deur bye gelewer, sowat US\$50 biljoen per jaar vir groente en vrugteboere werd is.**

Wel here, ek dink nie daar is enige twyfel oor wie die wenner is nie.

"Ekonomiese ontwikkeling wat tot habitat vernietiging bydra kan oor die langer termyn die kostes so laat toeneem dat dit die korttermyn ekonomiese voordele wat dit mag inhou by verre oorskry."
Daily, *et al.*, 1997

Issues in Ecology

Die herstel van Dienste

Om verlore dienste te herwin beteken:

- Die rehabilitasie van grond
- Die herstel van natuurlike plantegroei
- Die herstel van ekosisteme

Verdere Inligting

Kontak asseblief:

Ingrid Nänni (Projek Bestuurder) of

John Donaldson (Wetenskaplike Bestuurder)

Die Bewaringslandbou Projek

Nasionale Botaniese Instituut

Privaatsak X7

Claremont 7735

Suid Afrika

Tel.: +27-021-799 8800

Fax: +27-021-797 6903

e-pos: nanni@nbict.nbi.ac.za

Besoek ons webtuiste by www.nbi.ac.za

Afname in Dienste

Natuurlike dienste is besig om wêreldwyd af te neem. Die grootskaalse vernietiging van natuurlike habitate, plante, en diere, is besig om die sisteme en prosesse waarvan lewe afhang te ondergrawe.

- Baie plant en dier getalle het aansienlik afgeneem of in sommige gevalle selfs verdwyn as gevolg van oorbenutting en habitat vernietiging.
- Die hersirkulering van nutriente is geaffekteer deur grondbewerking, die toevoeging van bemestingstowwe en besoedeling.
- Die wêreld se klimaat is besig om te verander as gevolg van 'n toename in kweekhuis gasse in die atmosfeer.
- Erosie veroorsaak die verwydering van vrugbare bogrond.
- Die besoedeling van lug, water en grond affekteer die gesondheid van mense en ekosisteme.

Boere bestuur en benut nagenoeg 80% van Suid Afrika se grondoppervlak. Hulle kan deur van volhoubare grondbestuur metodes 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die onderhoud en herstel van ekosisteme.

Ek moet sê, die diens wat hier gelewer word is beslis nie meer wat dit was nie.

Bewaringslandbou

Bewaringslandbou het ten doel om landbou praktyke te identifiseer en aan te moedig wat gesonde ekosisteme onderhou, dit alles ten bate van landbou en bewaring. Die Bewaringslandbou Projek is besig om boerdery praktyke in vier streke van Suid Afrika te ondersoek. Die sleutel vrae is:

- Watter impak het landbou op die funksionering van ekosisteme en landbou produktiviteit in die geheel?
- Watter ekosisteme dienste is van die grootste belang vir 'n suksesvolle boerdery?
- Van watter waarde is ekosisteme dienste vir boere, plaaslike gemeenskappe en verbruikers laer rivier af?

Deelnemende organisasies

Regering: Departement van Omgewingsake en Toerisme, Departement van Landbou, natuurbewaring en landbou departemente van die Oos Kaap, Noord Kaap, KwaZulu-Natal en die Wes Kaap.

Universiteite, Teknikons en Museums: Kaapse Technikon, Kaapstad se Iziko Museums, Universiteit van Kaapstad, Universiteit van Port Elizabeth, Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Wes Kaap.

Ander: Indigo Development & Change, Southern Waters Ecological Research & Consulting, Tim O'Connor & Vennote, Simon Todd Consulting, Patrick O'Farrell.